**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 11**

**JUNIE 2017**

**VRAESTEL 3**

**EKSAMEN**

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye**

## Inligting en instruksies

1. **Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie se voorblad neer.**
   **(Jordaan, Gilbert, Middleton, Meiring, Bothma, Haluman, Ramdhani, Fourie).**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A. Opstel** | **(50)** |
| **Afdeling B. Lang Transaksionele Skryfstuk** | **(30)** |
| **Afdeling C. Kort Transaksionele Skryfstuk** | **(20)** |

3. **Jy moet 1 vraag uit elke afdeling beantwoord.**

4. **Skryf die NOMMER en TITEL van jou onderwerp duidelik bo-aan jou skryfstuk neer.**

5. **Wys deeglike beplanning.**

6. **Skryf jou EERSTE poging in potlood.**

7. **Trek ’n streep deur jou beplanning en eerste poging.**

8. **Doen die beplanning van elke afdeling op ’n skoon bladsy, skryf die eerste poging onderaan jou beplanning en skryf jou finale poging op ’n skoon bladsy.**

9. **Jy moet jou aantal woorde duidelik aan die einde van elke afdeling aandui.**

10. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: OPSTEL**

**Vraag 1.**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 200-250 woorde daaroor.
- Skryf die **nommer en die titel** van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

## Afdeling A: Opstel

Doen eers beplanning op ’n skoon bladsy.

1. **Die dag toe my lewe verander het.**

OF

2. **Ek is gelukkigste wanneer ek…**

OF

3. **’n Snaakse storie…**

OF

4. **My droom vakansie bestemming.**

OF

5. **Die man met die mes.**

OF

6. **<u>Kies een van die volgende prente.</u>**

Skryf ʼn opstel wat direk verband hou met die prent.
**<u>Gee jou eie titel</u>** vir die opstel.

6.1.



OF

6.2.



OF

6.3.



(50)

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### Vraag 2

- Kies EEN onderwerp en skryf dan 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1. **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het ʼn nuwe troeteldier gekry.

Skryf ʼn **vriendskaplike brief** aan jou vriend/in wat in die Wes-Kaap woon waarin jy vertel van jou oulike nuwe troeteldier.

**OF**

2.2. **DIALOOG**

Jou goeie vriend/in by die skool het onlangs met ʼn nuwe nooi/kêrel begin uitgaan. Jy weet iets van die nuwe nooi/kêrel wat jou vriend/in nie weet nie, wat <u>nie goed is nie</u>. Jy is bekommerd oor jou vriend/in. Skryf nou die gesprek neer wat tussen jou en jou vriend/in plaasvind wanneer jy vir hom/haar van jou bedenkinge (misgivings) vertel.

**OF**

2.3. **HULDEBLYK**

Iemand wat ʼn belangrike rol in jou lewe gespeel het, is oorlede.

Skryf ʼn **huldeblyk** oor hom/haar wat jy by die begrafnisdiens gaan lewer.

(30)

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### Vraag 3

- Kies EEN onderwerp en skryf dan 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1. **ADVERTENSIE**

Jou skool bied 'n Engeltee aan om fondse in te samel vir leerlinge van jou skool wat finansieël sukkel. Die geld wat ingesamel word, word gebruik om goed soos skryfbehoeftes, uniform items, snoepie maaltye ens. te koop vir leerders wat dit nodig het.

Skryf 'n **advertensie** om die Engeltee te adverteer.

**OF**

3.2. **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy en jou gesin het vir die naweek gaan kampeer. Dit is nou Sondagaand en julle is terug by die huis.

Skryf in jou dagboek oor die aktiwiteite van die naweek en hoe jy voel na die tyd saam met die gesin.

**OF**

3.3. **RIGTINGAANWYSINGS**

Jy het 'n nuwe maat wat nog nooit voorheen by jou huis was nie. Jou maat wil by jou kom kuier.

Gebruik die pyltjies op die padkaart (hieronder) om vir hom/haar duidelike r**igtingaanwysings** vanaf die skool in Suidstraat tot by jou huis te gee. Noem 'n paar straataanduidings en bakens wat jou maat langs die pad sal sien.

(20)

**GROOTTOTAAL: 100**